BESPROEIING STANDAARD TERME EN VOORWAARDES

1. **Definisies**

1.1. "**Aanvangsdatum**" beteken die datum waarop die Kliënt die Ooreenkoms Onderteken;

1.2. "**Die Kliënt**" beteken die party soos beskryf op die voorblad van die Ooreenkoms waartoe hierdie Besproeiing Standaard Terme en Voorwaardes van toepassing is;

1.3. "**Lewering**"

1.3.1. ten opsigte van die Produk, beteken:

1.3.1.1. Afhaal deur die Kliënt by die GWK aangewysde stoor;

1.3.1.2. Laai deur GWK op die Kliënt se vervoermiddel;

1.3.1.3. Aflewering deur GWK by die Kliënt se aangewysde adres;

1.4. "**GWK**" beteken Griekwaland Wes Korporatief Beperk (1997/022252/06);

1.5. "**Partye**" beteken die partye tot die Ooreenkoms waartoe hierdie Besproeiing Standaard Terme en Voorwaardes van toepassing is, naamlik GWK en die Kliënt;

1.6. "**Produk**" beteken die produk soos omskryf in die Ooreenkoms waartoe hierdie Besproeiing Standaard Terme en Voorwaardes van toepassing is;

1.7. "**Dienste**" beteken die diens soos omskryf in die Ooreenkoms waartoe hierdie Besproeiing Standaard Terme en Voorwaardes van toepassing is. Dienslewering sal 'n soortgelyke betekenis hê;

1.8. "**Projekte**" beteken die ontwerp van besproeiings stelsels in geheel. Dit sluit in opmeting, ontwerp, teken werk en die samestelling van 'n geprysde kwotasie en hoeveelheidslys.

1.9. "**Onderteken**" beteken die fisiese teken van 'n dokument, maar beteken ook die aanvaarding van hierdie Besproeiing Standaard Terme en Voorwaardes deur middel van telefoniese, epos of faks bevestiging of lewering;

1.10. "**Ooreenkoms**" beteken die transaksie dokument aangegaan deur en tussen GWK en die Kliënt waartoe hierdie Besproeiing Standaard Terme en Voorwaardes van toepassing is, ongeag die tipe transaksie, byvoorbeeld, dienslewering, aankoop of verkoop van toerusting of ontwerp kwotasie ensovoorts;

1.11. "**Toerusting**" beteken enige implement of enige soortgelyk item;

1.12. "**BTW**" beteken Belasting op Toegevoegde Waarde.

2. **Transaksie Datum**

2.1. ***Die transaksie soos omskryf in die Ooreenkoms sal aanvang neem op die datum waarop die Ooreenkoms deur die Kliënt Onderteken is.***

3. **Pryse**

3.1. Die prys op die Ooreenkoms is onderworpe aan verandering en sluit die volgende uit: skeepsvrag, assuransie, belasting, invoer kostes, staangeld en doeaneregte. Indien buitensporige vertraging met aflewering en/of installasie sou plaasvind as gevolg van die Kliënt sal die fluktuasie in prys tussen die Aanvangsdatum en die datum(s) van besending vir die Kliënt se rekening wees.

3.2. Alle pryse, tensy anders aangedui, is op beskikbaarheid van voorraad vir afhaling by die GWK Besproeiing winkel in Douglas, Modderrivier, Prieska, Luckhoff of Cradock.

3.3. Standaard uitsluitings by GWK Pryse (indien toepaslik op Projek): -

- Arbeid om materiaal af te laai op terrein, (4 to 6 sterk arbeiders nodig.) Kennisgewing van afleweringsdatum en tyd moet vooraf gegee word.
- Trekker en lang sleepwa met brandstof en operateur om materiaal te vervoer na plekke wat ontoeganklik is vir vragvervoer voertuie. (Dit word normaalweg gereël en gekoördineer met die Kliënt vroegtydig vir aflewering);
- Alle Siviele werke, bv.: Grondwerke, loopgrawe, rugvulling, kompaksie, pyp- en kabel installasie; beton werke en materiaal bv. sand, klip, sement en ander boumateriaal, pomphuise en pomp voetstukke, spilpunt fondasies, stootblokke, klepkaste, ens.);
- Elektriese komponente en kabels, bv. Transformators, distribusie borde, verwante kabels, (tensy gespesifiseer in Ooreenkoms);
- Elektriese werke deur 'n geakkrediteerde Kontrakteur word vereis (gebruik asseblief u plaaslike gekwalifiseerde elektrisiën);
- Opleiding en instruksie oor die korrekte gebruik van toerusting en materiale. Meer gespesialiseerde toerusting moet voorsien word met 'n eienaars- / operasie handleiding, waar dit die Kliënt se verantwoordelikheid is om hom / haar en werknemers of operateurs daarmee vertroud te maak.

4. **Terrein Opmeting**

4.1. Toerusting wat GWK gebruik vir GPS opmeting is akkuraat binne 'n 250mm radius.

4.2. Die GPS posisionering en plasing is 'n gratis diens. GWK aanvaar geen aanspreeklik vir enige voortvloeiende skade of verliese as gevolg van onakkurate terrein-plasing nie, dit is u verantwoordelikheid om te verseker die plasing is korrek.

4.3. Indien nodig, word dit aanbeveel om 'n professionele landmeter te gebruik vir die finale terrein-plasing. Hierdie addisionele diens is betaalbaar deur die Kliënt.

5. **Betaling**

Die Bedrag betaalbaar deur die Kliënt, sal die bedrag wees soos vervat in die Ooreenkoms, welke bedrag BTW uitsluit. Tensy anders vermeld op die Ooreenkoms, kan betalingsterme afhang van die aankoop van 'n hele stelsel, of dele daarvan of enige ander toepaslike item, en moet met die besproeiings konsultant ooreengekom word tydens die aanstellingsproses, maar in die afwesigheid van so 'n ooreenkoms sal die volgende terme van toepassing wees:

5.1. Op onderdele: -

5.1.1. Volledige faktuur is betaalbaar by aflewering / afhaling.

5.2. By Projekte: -

5.2.1. 50% deposito,

5.2.2. Finale faktuur na nat kommissie van stelsel (50% van die Ooreenkoms)

5.3. Vir derdeparty finansiering: -

5.3.1. Skriftelike bank waarborg en bevestiging van volle beskikbaarheid van finansiering van die betrokke finansiële instelling word vereis voor die versending van goedere.

5.3.2. Geen Ooreenkoms sal verwerk word tensy die Ooreenkoms gedateer en onderteken is deur die Kliënt. Die Ooreenkoms sal dien as die Kliënt se erkenning vir die volle begrip van hoeveelhede, toerusting, toebehore, kwaliteit en gebruik van genoemde goedere.

5.3.3. Die Kliënt sal verantwoordelik wees vir die rente van goedere, bereken 60 dae na volledige aflewering datum.

5.4. Die Kliënt moet die volle bedrag betaal, vry van enige aftrekkings of skuldvergelyking.

5.5. Rente sal teen die maksimum toelaatbare koers gehef word, indien enige bedrag uitstaande of agterstallig is op die betaaldatum, wat daagliks bereken en maandeliks gekapitaliseer word tot datum van volle vereffening.

6. **Lewering**

6.1. ***Tensy anders aangedui in die Ooreenkoms, word die datum vir aflewering bereken vanaf die Aanvangsdatum of die datum van bevestiging vir bankfinansiering.***

6.2. Goedere vir aflewering is normaalweg binne 3 weke van skriftelike aanvaarding beskikbaar. Die beskikbaarheid is egter onderworpe aan vorige verkope en verskaffer voorraad.

6.3. GWK sal poog om binne enige gegewe periode te lewer, maar aanvaar geen aanspreeklikheid indien GWK nie binne sodanige tydstip lewer nie. Die Kliënt het ook nie die reg om die kontrak te kanselleer as gevolg van laat aflewering nie.

7. **Eienaarskap, wins en verlies**

7.1. ***Die risiko en verantwoordelikheid vir alle verkoopte goedere word oorgedra aan die Kliënt met lewering.***

7.2. In afwagting van betaling in volle prys soos hierbo genoem, sal die Kliënt die goedere ten volle verseker en onder geen omstandighede daarop geregtig wees om die genoemde goedere te verkoop, vervreem, verpand of te belemmer nie.

7.3. Wins en verlies in die Produk sal oorgaan op die Kliënt met lewering.

7.4. Nieteenstaande 7.1 bo, sal eienaarskap in GWK vestig en eers oordra op die Kliënt sodra die Bedrag ten volle betaal is, insluitende enige uitstaande rente.

8. **Installasie op Terrein**

Waar GWK spesifiek ingestem het om masjinerie vir die Kliënt te installeer, óf te begin:

8.1. Die Kliënt sal die terrein area skoonmaak en beskikbaar stel en sal, indien nodig, water, elektrisiteit, brandstof en ander noodsaaklike dienste voorsien voor die aankoms van GWK se werknemers of Kontrakteurs.

8.2. Indien vertragings ondervind word deur geen fout van GWK, sal alle addisionele kostes vir die Kliënt se rekening wees.

9. **Tegniese Informasie**

9.1. Dimensies, detail en stellings wat betrekking het op, maar nie beperk is tot, kapasiteit, kragverbruik of werkverrigting, gespesifiseer of vervat in enige vervaardiger of verskaffer se tekeninge, kwotasies, katalogusse, spesifikasies, hoewel dit gebaseer is op ervaring en industrie norms, is nie bedoel as 'n kontraktuele verpligting nie. Die Kliënt het dus geen reg op kansellasie of enige aanspraak op GWK wat daaruit voortspruit nie.

9.2. Kwotasies, tekeninge en ander inligting wat verskaf word, bly die eiendom van GWK met kopiereg en moet as vertroulik hanteer word en moet op versoek van GWK terugbesorg word. Die Kliënt het geen reg om enige tegniese inligting aan enige derde party bekend te maak of om enige derde party enige goedere te laat vervaardig wat die tegniese inligting van GWK gebruik nie.

9.3. Tensy anders vermeld; Illustrasies, tekeninge, katalogusse, kapasiteit, gewigte, metings, werksverrigting data en ander gegewens moet slegs as benaderd beskou word. Hulle is nie gewaarborg nie. Afwykings daarvandaan sal nie die Ooreenkoms tot niet maak nie of enige reg van kansellasie of resessie op die Kliënt verleen of die grondslag van enige eis van enige aard teen GWK gemaak word nie.

9.4. Tensy anders ooreengekom, behou GWK die reg voor om die ontwerp te verander of om items van gelyke of beter prestasie te vervang indien in GWK se uitsluitlike diskresie sodanige verandering tot voordeel van beide partye en ooreenkomstig die gees van die Ooreenkoms sal wees.

10. **Belastings, Heffings en belangrike permitte**

10.1. Die Kliënt sal aanspreeklik wees vir die verkryging en betaling van alle toepaslike belastings, heffings, registrasies en belangrike permitte en enige ander verwante fooie, byvoorbeeld invoer koste, wat deur enige derde party gehef mag word en word GWK vrygestel van enige sodanige verantwoordelikheid.

11. **Waarborge en Aanspreeklikheid**

11.1. GWK waarborg dat die Produk en/of Diens is wat dit genoem word en soos dit beskryf is. GWK waarborg egter geensins en word ten volle gevrywaar ten opsigte van enige ander waarborge, voorwaardes en voorleggings (van watter aard ook al) aangaande die Produk en/of Diens se geskiktheid, toepaslikheid, vermoëns of andersins.

11.2. GWK sal geensins aanspreeklik wees vir enige defekte in die Produk en/of Diens as gevolg van enige foutiewe vervaardiging, kwaliteit van onderdele of andersins of enige tekort in lewering van die Produk en/of Diens, tensy die Kliënt:

11.2.1. skriftelik binne 48 (agt-en-veertig) uur na lewering vir GWK van sodanige defek of tekort in kennis stel; en

11.2.2. daar tot die redelike bevrediging van GWK vasgestel is dat die defek of tekort nie as gevolg van die Kliënt se handelinge veroorsaak is nie.

11.3. Indien GWK vir enige defek of tekort aanspreeklik is, sal sodanige aanspreeklikheid beperk wees tot:

11.3.1. herstel of vervanging van die Produk en/of Diens in GWK se uitsluitlike diskresie; of

11.3.2. terugbetaling van die bedrag van die Kliënt ontvang vir die Produk en/of Diens, ook binne GWK se uitsluitlike diskresie.

11.4. Die Kliënt magtig GWK en die se werknemers om op die Kliënt se risiko die toerusting te bestuur en te beweeg op strate / paaie of ander plekke vir alle doeleindes nodig vir die herstel daarvan, en in besonder ook vir die toets inspeksie.

11.5. GWK verskaf geen waarborg van watter aard ook al ten opsigte van voorheen gebruikte goedere of foute wat voortspruit uit onverskillige bedryf of instandhouding, versuim om te voldoen aan gebruiksaanwysings, foutiewe installasie, op-start of instandhouding behalwe deur GWK, oorlading, onvoldoende smering, lae lynspanning of enige ander soortgelyke oorsaak. GWK staan nie in vir die vervaardiger se waarborge nie.

12. **Teruggawe van goedere**

Goedere wat teruggegee word sonder GWK se toestemming sal nie vir krediet aanvaar word nie. ***Teruggawe van goedere en die verskaffing van krediet daarvoor, sal in die uitsluitlike diskresie van GWK toegestaan of geweier word.*** Indien goedgekeur, sal goedkeuring onderhewig wees aan 'n hanteringsfooi van 15%.

13. **Defekte**

Alle defekte in terme van die Ooreenkoms wat deur GWK geag word om nie-materiële defekte te wees nie, sal binne die uitsluitlike diskresie van GWK reggestel word, mits die Kliënt binne 48 (agt en veertig) uur na lewering GWK daarvan in kennis stel.

14. **Vrywaring**

Die Kliënt vrywaar GWK onvoorwaardelik van enige skade en/of verlies, van watter aard ook al, en hoe dit ook al mag ontstaan, welke direk of indirek, ongeag deur wie dit veroorsaak is.

15. **Breuk**

Indien enige bedrag betaalbaar deur die Kliënt uitstaande is en uitstaande bly of die Kliënt in breuk is van enige van hierdie terme en voorwaardes vir 'n periode van 7 (sewe) dae, nadat die Kliënt skriftelik in kennis gestel is om betaling te maak of om die breuk te herstel, sal GWK daarop geregtig wees op enige van die volgende:

15.1. spesifieke nakoming te eis; of

15.2. die Ooreenkoms te kanselleer; en/of

15.3. skade te eis, tesame met kostes op prokureur-en-kliënt skaal.

16. **Force majeure**

GWK sal nie verantwoordelik wees vir enige nie-nakoming as gevolg van enige omstandighede buite die beheer van GWK nie, ingesluit, maar nie beperk tot oorlog, weer, optogte, stakings, vuur, vloed, staatsgrepe of kwarantyn nie. Versuim om betaling te maak deur die Kliënt sal nie deur Force majeure verskoon word nie. GWK sal die Kliënt onmiddellik in kennis stel, sodra enige voorval plaasvind wat nakoming deur GWK sal verhoed. Indien die Force Majeure vir 3 maande of langer voortduur, sal enige party daarop geregtig wees om die Ooreenkoms te kanselleer.

17. **Algemeen**

17.1. Fakturering vind plaas na lewering van goedere en enige inbetaling voor lewering geskied word beskou as 'n deposito.

17.2. Dokument bestuur:

17.2.1. **Volledige Aflewerings Sertifikaat** – Bevestiging van volledige aflewering van goedere wat deur die Kliënt, GWK Besproeiings Konsultant en GWK bedryfshoof geteken word.

17.2.2. **Droë Kommissie Sertifikaat** & **Lys van Uitstaande Werke** - Hierdie dien as bewys van alle partye se tevredenheid en aanvaarding van die installasie. Word onderteken deur die Kliënt, GWK Besproeiings Konsultant asook die Kontrakteur/Oprigter.

17.2.3. **Nat Kommissie Sertifikaat** – Hierdie finale sertifikaat word geteken deur die Kliënt, GWK Besproeiings Konsultant asook die Kontrakteur/Oprigter en dien as bewys van die Kliënt en GWK se tevredenheid met die werke en bevestig dat die projek voltooid is en betaling kan geskied.

17.3. ***Die terme en voorwaardes hierin vervat sal outomaties van toepassing wees met aanvaarding van die kwotasie.***

17.4. GWK sal daarop geregtig wees om hierdie terme en voorwaardes van tyd tot tyd aan te pas, sonder kennisgewing.

17.5. Hierdie terme en voorwaardes vervat die geheel van die Ooreenkoms tussen die partye en niks wat nie hierin vervat is, sal bindend op die partye wees nie.

17.6. Enige dispuut, sal binne GWK se uitsluitlike diskresie, deur middel van arbitrasie opgelos word, welke in Douglas gehou sal word ingevolge toepaslike arbitrasie wetgewing en reëls.

17.7. Geen party mag hierdie Ooreenkoms sedeer of oordra aan enige derde party, sonder die skriftelike toestemming van die ander party nie.

17.8. Geen wysiging, toevoeging, weglating of verandering sal van krag wees, tensy op skrif gestel en deur beide partye onderteken nie. Geen faks of epos sal voldoende wees nie.

17.9. 'n Party se remedies en regte sal geensins beïnvloed of benadeel word deur enige verlenging van tyd, tegemoetkoming of grasie deur daardie party verleen nie.

17.10. Indien enige bepaling tydens verkoping teenstrydig is met die terme en voorwaardes vervat hierin. Sal die terme en voorwaardes hiervan voorrang geniet, tensy skriftelik ooreengekom.